

Die bemesting van makadamias

Artikel en foto's deur Schalk Grobbelaar en Cassie Dorfling

Gedurende die afgelope seisoen het Jacques Bouwer van die plaas Rabeja, in die Soutpansberg (Limpopo provinsie) ongekende sukses met die produksie van sy makadamiabome behaal. Volgens Jacques is die sukses aan 'n paar faktore toe te skryf.

“Kies die regte bemesting en bemes met 'n plan”

As deel van sy bestuursprogram word blaar- en grondontledings elke twee jaar geneem. Sodoende kan hy sy bemestingsprogram deeglik monitor, terwyl gebreke en tekorte volgens die ontledings reggestel word. Benewens die ontledingsresultate word die oes- en opbrengsgegewens bygewerk om die bemestingsprogram vir die komende seisoen saam te stel. Hiervolgens word daar nie oor-

bemes nie, terwyl hy die gemoedsrus het dat die plante kry “wat hulle nodig het”. Vir hierdie bemestings-taak word van Kynoch Kunsmis se landboukundige dienste gebruik gemaak.

Die spesifieke blok is in 2005 met die kultivar [344] op swaar rooi-grond [Huttons], met 'n 40-45% klei, op 'n spasiëring van 8 x 5 [250 bome / ha], aangeplant. Die pH van die grond is 5.88 (KCl). Vanaf die eerste oes in 2010, is die volgende opbrengste behaal: Die gemiddelde uitkraakpersentasie van die kultivar 344 was 28%, terwyl die uitkraak op die Beaumonts 31% was in vergelyking met 'n area (en uitkraak-aanleg) van 25% gemiddeld op 'integs' (344 ingesluit) en 30% op die hibriede (Beaumonts). Die kleiner oes in 2013 was daaraan te wyte dat die bome nog relatief jonk

was, asook weens 'n alternatiewe dragpatroon.

NIH = Neut in huls

NID = Droë neut in dop (1.5% vog)

*Let wel: NIH vermenigvuldig met 49% = NID

“Maak bemesting kostedoeltreffend”

Met die bostaande gegewens en die landboukundige insette was dit moontlik om altyd van die mees innoverende produkte in sy program gebruik te maak wat op sy beurt gelei het tot verbeterde doeltreffendheid van die bemesting.

“'n Vars aanslag werp vrugte [neute] af”

Die afgelope aantal jare het Kynoch 'n produkreeks ontwikkel wat plant-behoefte direk aanpak. Een van Kynoch se nuwe Miracle-reeks produkte nl. “**BRIO**”, is in die program ingesluit en bevat benewens stikstof, fosfaat en kalium, ook kalsium, magnesium, swael, sink en silika. Brio is in drie gelyke dele toegedien naamlik, April, Augustus en Oktober, terwyl stikstofaanvullings met die produk GreenGold™ gedoen is. GreenGold™ is 'n unieke produk uit die Kynoch-stal wat deur innoverende denke ontwikkel is.

Tabel 1: Oesopsomming vir die boorde in geheel waar die bemestingsprogram gevolg is.

Jaar	kg / boom	kg / ha (NIH)	kg / ha (NID)*
2010	2.47	617.5	302
2011	3.18	795.0	389
2012	10.68	2670.0	1308.3
2013	6.08	1520.0	744.8
2014	20.37	5092.5	2495

GreenGold™ bevat 33% stikstof en 8% kalsium plus 0.1% boor. Die boorde is verder met 'n aanvullende standaard blaarvoedingsprogram behandel wat op verskillende fisiologiese stadia gespuit is, te wete, blomknop/breek, vroeë blom, volblom, en vruggroei op ertjiegrootte. Addisioneel tot die bemestingsprogram is 30 tot 40 ton organiese kompos gedurende September/Okttober toegedien, terwyl Eclomax, om wortels te stimuleer, ook tydens die blaarbespuitings toegedien is.

Gedurende November en vroeg Desember 2014 het die spesifieke blok simptome van 'n ernstige magnesium-tekort getoon (foto stel 1). Hierdie toestand is waarskynlik toe te skryf aan die uiterse droë toestande en aansienlike laer reënval. Laet Desember is daar van 18

tot 29 Desember 157 mm reën gemeet. Die reaksie van die bome na die goeie reëns was fenomenaal. Die nuwe groei, of "flush", het geen van die tekortsimptome getoon nie (foto stel 2). Dit wil dus voorkom dat die produk, BRIO met magnesium die plantbehoefte aangespreek het.

Volgens die foto's dui die bome se drag, vir die 2015-seisoen, op 'n bogemiddelde oes, wat toegeskryf kan word aan die gebalanseerde bemestingsprogram wat met die unieke produkte vanuit die Kynoch-stal gevolg is. Foto stel 3 toon die kultivar Beaumont [695] wat aangrensend tot die spesifieke proefblok geleë is en wat ook dieselfde bemestingsprogram vir die 2014-/2015-jaar gevolg het. Die neutset spreek vanself.

Samevatting


Kynoch Kunsmiss se uitgangspunt is dat daar gewasspesifieke, groei-stadiumspesifieke en plekspesifieke bemestingsvoorstellings gemaak moet word. Hierdie benadering het tot gevolg dat nie net die doeltreffendheid van die bemesting nie, maar ook die doeltreffendheid van die gewas self, verbeter word. So 'n geïntegreerde benadering word deurentyd deur die landboukundiges in opbrengsverbeteringsstelsels gevolg om die winsgewendheid van die boer te verbeter. 



Foto stel 1: Magnesiumtekort-simptome waargeneem voor produkname.



Foto stel 2: Magnesiumtekort-simptome verdwyn op nuwe "flush" na produkname.



Foto stel 3: Beaumont-set in die behandelde boord.

